SKOOLDRAG: GRAAD 1 – 7

Somerdrag word gedurende die eerste en vierde kwartaal gedra en winterdrag gedurende die tweede en derde kwartaal. Gedurende die maande APRIL en SEPTEMBER mag òf winter òf somerdrag gedra word. Die twee mag egter nie gemeng word nie.

SEUNS

Somerdrag : Wit oopslaanhemp met kortmoue. Kort, grys broek of lang, grys broek met 'n swart gordel (normale gespe). Kaalvoet of lang grys kouse met skoolkleure in omslag en swart toerygskoene.

Winterdrag:

Opsie 1: Wit toekraag langmouhemp, skooldas. Kort, grys broek of lang, grys broek met 'n swart gordel, grys kouse met skoolkleure in omslag, swart toerygskoene, skoolbaadjie en / of skooltrui, nuwe oortrektrui / Mikro-reënbaadjie.

Opsie 2: Mikro sweetpak (baadjie en broek), onder dit 'n wit skoolhemp (langmou of kortmou) sonder das, kort, wit sokkies, oorheersend wit tekkies (geen platformskoene).

MEISIES

Slegs maroen of wit "alice bands", linte en bolletjies.

Somerdrag : Wit oopslaan kortmouhemp, maroen voorskootrok. Kort, wit sokkies en swart skoolskoene of kaalvoet (slegs gr. 1 – 3).

Winterdrag:

Opsie 1: Wit toekraag langmouhemp, skooldas, maroen voorskootrok, skoolbaadjie en/of skooltrui, nuwe oortrektrui / Mikro-reënbaadjie, lang grys kouse met skoolkleure in omslag of lang swart kouse, swart skoolskoene.

Opsie 2: Mikro sweetpak (baadjie en broek), onder dit 'n wit skoolhemp (langmou of kortmou) sonder das, kort wit sokkies, oorheersend wit tekkies (geen platformskoene).

- ➔ Opsie 1 en 2 by winterdrag mag nie gemeng word nie.
- ➔ Wanneer kaalvoet, mag die skoolbaadjie of Mikro-reënbaadjie nie gedra word nie.

- Reënjasse: Mikro-reënbaadjie
- Serpe: Maroen skoolserp
- Slegs skooltruie/oortruie met die **M** mag gedra word.

SPORTDRAG

KLEURATLETIEK (seuns en meisies)

Wit Mikro-sporthemp/Interhuishemp/voorgeskrewe maroen atletiekfrokkie en maroen of wit kortbroek.

ATLETIEK TUSSEN SKOLE

Seuns: Maroen kortbroek en die voorgeskrewe maroen atletiekfrokkie.

Meisies: Maroen kortbroek en die voorgeskrewe maroen atletiekfrokkie.

RUGBYWEDSTRYDE

Wit rugbybroek en maroen rugbytrui. Geen rugbystewels nie. Ons speel kaalvoet.

NETBALWEDSTRYDE

Moulose Mikro-hemp en donkerblou rompie. Oorheersend wit tekkies en kort, wit sokkies.

MINI-KRIEKET (O/7 – O/9)

Maroen kortbroek en Mikro-hemp (Hokkiehemp). Oorheersend wit tekkies en kort, wit sokkies.

KRIEKETWEDSTRYDE (O/10 – O/13)

Maroen kortbroek en Mikro-hemp (Hokkiehemp). Oorheersend wit tekkies en lang, wit krieketkouse.

TENNISWEDSTRYDE

SEUNS:

Mikro-hemp (Hokkiehemp), maroen kortbroek met wit sokkies en oorheersend wit tekkies.

DOGTERS:

Moulose Mikro-hemp en blou rompie, wit sokkies en oorheersend wit tekkies.

MINI-TENNISWEDSTRYDE

SEUNS EN DOGTERS:

Drag soos vir tennis.

HOKKIEWEDSTRYDE

Seuns: Mikro-hemp (met moue), maroen kortbroek, lang, wit skoolkouse, oorheersend wit tekkies. Mondskerms verpligtend.

Meisies: Moulose Mikro-hemp, maroen kortbroek, lang, wit skoolkouse, oorheersend wit tekkies. Mondskerms verpligtend.

L.W. Oefeninge kan in enige sportdrag beoefen word.
Interhuis t-hemde mag gedra word.

L.O. Drag:

Interhuis hemp, Maroen kortbroek

LET WEL:

Alle kledingstukke (skool- en sportdrag) moet behoorlik gemerk wees.